# my taal

Die wingerd in die somer,
'n see van smaraggroen.
Herfs se hand, onsigbaar,
tower vermiljoen.

Cinsault skakeer saffraan,
deurskynend karmosyn.
Skarlaken Cabernet gloei
diep, soos 'n robyn.

Kaneel en neutmuskaat,
Drop, peper en anys,
Naeltjies en vanielje,
Die wyn se godespys.

Net só, Afrikaans
se speserye in my mond,
sy kaleidoskoop van kleure,
my taal is reënboog-bont.

Deon Meyer